



JOHN LIEBENBERG

Blatante skending van menseregte

"DIE Parlement het die mag om enige statute waarvan hy hou, te aanvaar. En daar is niets wat die Howe daaromtrent kan doen nie. Dit is die resultaat van die wet. Maar dit is nie altyd dieselfde as geregtigheid nie. Die enigste manier waarop die Parlement ooit wetgewing regverdig kan maak, is om regverdig wette te maak," lui 'n uitspraak wat regter J. Didcott eens in 'n saak gelewer het.

Die debat oor aanhouding sonder verhoor in Suid-Afrika tussen regsgeleredes en "die wet", sentreer veral rondom hierdie punt.

Prof. Henning Viljoen van die regsfakulteit aan die Universiteit van Pretoria meen die ingrypende, ongekontroleerde mag van die uitvoerende gesag in Suid-Afrika kan en het reeds tot aansienlike wanprakteke gelei.

As voorbeeld noem hy die feit dat 64 mense in aanhouding gesterf het sedert 1963, toe aanhouding sonder verhoor vir die eerste keer deur die wetgewer gemagtig is.

Mnr. Adriaan Geyser, president van die Vereniging van Prokureursordes, het onbeperkte aanhouding sonder verhoor onlangs beskryf as 'n gevolg van die "erosie van die regstelsel".

Kragtens verskeie artikels van die Wet op Binnelandse Veiligheid (1982) wat aanhouding sonder verhoor magtig word die jurisdiksie van die Howe uitgesluit by die beoordeling of 'n inhegtenisneming en aanhouding wettig is.

Die Afrikaanse pers plaas selde kritiese berigte oor aanhouding sonder verhoor. Die bygaande artikel, deur Ina van der Linde, het onlangs onder die opskrif

"Blatante Skending van Menseregte" — en omlyn met 'n "doringdraad" raam — in die Johannesburgse dagblad, Beeld, verskyn.

DIE DILEMMA: Regslui kan hulle nie op die reg beroep vir die vrylating van angehouenes nie. Maar wysigings kan daartoe bydra om regstelsel in ere te herstel.

Ingevolge artikel 3 (1) van die Noodmaatreëls mag enige lid van die veiligheidsmagte (Polisie of Weermag) opdrag gee dat enige persoon wat na sy oordeel 'n bedreiging inhoud vir die veiligheid van die publiek, die handhawing van openbare orde, of die beëindiging van die noodtoestand, aangehou word.

Maar, sê mnr. Brian Currin, nasionale direkteur van Regslui vir Menseregte, die persoonlike oordeel van 'n polisie-man kan nie as 'n objektiewe maatstaf dien nie, omdat dit na gelang van faktore soos sy persoonlike politieke oortuings, moontlik van dié van die Minister van Wet en Orde kan verskil.

Hy wys ook daarop dat die aanhouding aanvanklik vir dertig dae geldig is, waar na die Minister sonder kennisgewing of sonder om enigeen aan te hoor, by wyse van kennisgewing aan die hoof van die gevangenis die tydperk kan verleng.

In die reg is daar 'n reël van natuurlike

geregtigheid, die sogenaamde *audi alteram partem*-reël, wat bepaal dat voordat 'n owerheidsorgaan 'n besluit kan neem wat 'n persoon kan benadeel, die persoon die geleentheid moet kry om sy saak te stel, sê mnr. Currin.

In 'n Appèlhofsaak in 1987 is egter beslis dat die Wet op Openbare Veiligheid wel aan die Staatspresident die bevoegdheid verleen om hierdie reël uit te sluit.

Mnr. Currin wys voorts daarop dat regsveteenwoordigers nie vanselfsprekend tot angehouenes het nie. Hulle het spesiale verlof nodig. Volgens nog 'n Appèlhof-uitspraak het die Minister van Wet en Orde ook nie nodig om redes te verskaf oor waarom iemand aangehou word nie.

Die dilemma waarmee regsveteenwoordigers dus sit, is dat hulle niets het waarop hulle hul vertoë vir die vrylating van hul kliënte kan grond nie.

Aangehouenes het nie die reg op die besoek van 'n private geneesheer of spesialiste nie, behalwe as die hoof van die gevangenis dit aanbeveel.

Hulle is nie outomatis geregtig op besoek deur familielede nie.

Hulle word nie toegelaat om koerante, musiekinstrumente, radio's, televisiestelle, platespelers, eetgoed of bandopnemers van buite die gevangenis te ontvang nie.

Hulle is net geregtig op 'n halfuur oefening per dag buite die sel, wat beteken dat 'n aangehouene $23\frac{1}{2}$ uur per dag in sy sel kan deurbring.

Mnr. Currin sê Regslui vir Menseregte sou graag wou sien dat aanhouding sonder verhoor heeltemal afgeskaf word. Maar omdat hulle graag 'n konstruktiewe bydrae tot die bestaande debat wil lewer, vra hulle dat daar sekere drastiese wysigings aangebring word aan die betrokke wetgewing.

Dit sluit die volgende in:

- Die tydperk van aanhouding sonder verhoor moet beperk word tot drie maande, waarna 'n aangehouene aangekla of vrygelaat moet word. Indien die staat in dié tyd met getuenis voordag kom wat daarop dui dat 'n aangehouene 'n bedreiging vir staatsveiligheid inhoud, kan die staat 'n aansoek om borgtog teenstaan. Die hof sal dan moet besluit oor vrylating al dan nie.

- Die Minister moet binne veertien dae redes verskaf vir 'n aanhouding, en moet binne dertig dae na aanhouding vertoe vanregsverteenvwoerdigers oor aangehouenes aanhoor. Daarna moet die Minister sy eie mening oor die meriete van die spesifieke geval van aanhouding formuleer, waarop die voortgesette aanhouding van 'n persoon gegrond moet word. (Op die oomblik berus die Minister hom by die mening van die lid van die veiligheidsmagte wat die aanhouding beveel het.)

- Om enige beskuldigings van mishandeling uit te skakel, moet 'n onafhanklike geneesheer 'n aangehouene binne sewe dae nadat hy in aanhouding geplaas is, besoek. Daarna moet hy minstens een keer 'n week besoek van 'n onafhanklike medikus ontvang.

- 'n Aangehouene moet binne die eerste sewe dae van sy aanhouding toegang hê tot 'n regsveteenwoordiger, en daarna op 'n weeklikse grondslag. 'n Pro Deo-komitee moet 'n private regsveteenwoordiger aanwys vir diegene wat nie sy eie regsveteenwoordiger kan bekostig nie.

- Familielede moet 'n aangehouene weekliks kan besoek.

- Aangehouenes moet dieselfde voordele as verhoorafwagtes geniet.

Indien hierdie wysigings aangebring word, sal die ontberinge wat aangehouenes verduur, grootliks verwyder word en sal dit daartoe bydra dat menseregte in Suid-Afrika in 'n sekere mate herstel word, sê mnr. Currin.

BOOK REVIEW

Apartheid's Rebels



Inside South Africa's Hidden War

STEPHEN M. DAVIS

New light shed on link between protest and armed struggle

APARTHEID'S REBELS: INSIDE SOUTH AFRICA'S HIDDEN WAR by Stephen M. Davis (Yale University Press, New Haven and London, 1987).

IN this book Stephen Davis, American journalist and political analyst, sheds new light on a country in the grip of a civil war.

The book starts off by dealing with the birth of the South African Native National Congress, later renamed the African National Congress, and the years of non-violent protest. It deals with other actors such as the South African Communist Party and the Pan Africanist Congress that are also involved in the South African liberation struggle. It identifies the ANC as one of the major actors in the current struggle for liberation.

The ANC's decision to take up arms, the early years of exile and the escalation of the armed struggle is discussed against the background of greater repressive trends in South Africa.

Apartheid's Rebels provides the reader with an extremely good "inside" view of the background dimension of the liberation movements. The author's discussion of military objectives, infiltration tactics, espionage and war statistics provides the reader with a useful tool to understand the crux of the current resistance that resulted in a political impasse in South Africa: an outmoded ideology and illegitimate regime being juxtaposed with a relatively successful armed struggle and a highly effective diplomatic strategy by the liberation movement.

The book shows how the National Party regime opted for the "bunker state" option rather than negotiation and a redistribution of scarce resources. By using the "bunker state" concept, Davis is following closely in the footsteps of the garrison-state concept developed by Lasswell. It is shown how minority domination was/is being maintained by ideological manipulation of legitimacy (total strategy and reform), militarisation and an ideological framework based on a total onslaught.

There are, however, some critical remarks: one cannot criticise Davis for having to rely mainly on interviews and newspaper reports in the first part of the book — especially regarding the rebellion-revolt part and the ANC's military strategy. That is to be expected in a war-torn situation. In fact, this part of the book is excellent — given this contextual restriction!

However, the "bunker state" concept is not clearly conceptualised. As a concept it is also not demarcated from similar concepts such as the "garrison state" (Lasswell), "mobilized society" (Orr) and "totalitarian state" (Brzezinski). Some excellent working definitions have been identified in a South African context by Willem van Vuuren (University of Western Cape) and also applied to the South African state. (See *Politikon*, vol 12(2), Dec 1985.) It is a pity that a potentially excellent chapter has been underplayed in terms of an analysis and contextual application. The chapter ended up as an average descriptive chapter while it could have been an excellent piece of work. It is trusted that this will receive more attention in later editions.

Reflecting on the current violent stalemate, Davis concludes with a very sobering(?) — worrying(?) — idea: "When peace arrives (in South Africa) it will probably not be through conquest. Rather, it will come grudgingly, and after seasons of bloodshed, as a fruit of exhaustion." Perhaps that constitutes the irony of South Africa.

In conclusion: *Apartheid's Rebels* is indeed an important contribution in a neglected field (the link between protest and revolt and the military strategy of the ANC). One hopes that, in future editions, the rather descriptive chapters towards the end will be improved and that attention will be given to clear conceptualising and in-depth analysis of the minority regime's reaction to liberation strategies and tactics. However, the book can be seen as a must — if the reader can still get hold of a copy.

IAN LIEBENBERG
IDASA Research Consultant